VRAE IN DIE GROEPE: SKILD

- Praat bietjie oor hoe die skild in die Bybelse tyd gelyk het, bv die grootte daarvan, en hoe dit jou sou kon beskerm juis omdat dit so groot was.

- Wat het julle getref in die videoclip van Daniel se 3 vriende?

- Wat kan julle daaruit geleer?

- Wat is geloof? Gebruik Heb 11:1 om julle te help

> ***Heb 11:1*** – "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie"

- Is dit altyd maklik om te glo?

- Wanneer is dit vir julle moeilik om geloof te hê / te glo?

- Waar kom geloof vandaan, word jy daarmee gebore, kom dit uit jouself uit? Gebruik Ef 2:8 om jull te help

> ***Ef 2:8*** – "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; ***dit is 'n gawe van God"***

- Hoekom dink julle word juis die skild gebruik om die geloof te beskerm?